VOORTREKKERMONUMENT EN ERFENISSTIGTING

ALGEMENE JAARVERGADERING, 13 JULIE 2019

BESTURENDE DIREKTEURSVERSLAG

Inleiding

Soos ons voorsitter, dr Christo Pretorius, dit so goed in sy verslag saamgevat het, word die uitdagings in die wêreld waarin ons poog om ons daaglikse besigheid te bedryf, merkbaar groter. Binne 'n ekonomie wat op sy knieë is en waar kos op die tafel en 'n dak oor die kop, ván ons eie mense se grootste uitdagings is, blyk Erfenisbewaring en toerisme bykans 'n luukse te wees.

Wanneer ons die kriminalisering van ons geskiedenis en kultuurerfenis[1] wat aan die orde van die dag is ook in ag neem, is dit met groot dankbaarheid dat ek en my kollegas se terugvoer vandag oorwegend positief is. Ek skryf dit eerstens toe aan die genade van bo en tweedens aan 'n uiters klein, maar toegwyde personeelkorps wat dikwels die spreek-woordelike haas uit die hoed moet trek om klein begrotings te rek om groot projekte te voltooi.

Laaste maar nie die minste nie, lê die beskerming van ons reputasie as gerespekteerde erfenisbewaringsinstansie, opvoedkundige sentrum en voorkeur toerisme bestemming ons na aan die hart en is dit dikwels ons grootste uitdaging.

In die hieropvolgende opsomming van ons aktiwiteite poog ek om vir u die kern van ons aktiwiteite, hoogte- en laagtepunte uit te lig sonder om in onnodige detail te verval.

Personeel

Ons personeel bly ons grootste bate en ook een van ons grootste uitdagings. Die personeelkorps (VTM, VTM-Projekte, Bloedrivier en die ES ingesluit) bestaan uit 94 lede. Danksy goeie finansiële bestuur kon ons onder die omstandighede daarin slaag om 'n gemiddelde verhoging van 6% op 1 Maart 2019 toe te ken sonder dat enige afleggings / personeelinkortings plaasgevind het. Ons vul wel slegs net vakatures van sleutelpersoneel wanneer hulle ontstaan.

VTM-Projekte, die grootste van die maatskappye, het verlede jaar hulle ooreenkoms met NEHAWU beëindig en met APSA vervang. Hierdie meer aggressiewe, militante unie se vergesogte eise en arrogante houding het daartoe gelei dat daar vir die eerste keer in die geskiedenis van die Monument, industriële aksie plaasgevind het. Hoewel die situasie ontlont is, is die verspilling van senior personeel se tyd en energie onaanvaarbaar. 'n Ondersoek na die haalbaarheid van die privatisering van VTM Projekte se dienste

[1] *Die EFF is al weer op Twitter besig met die Monument. Die onderstaande tweet van hulle is al deur 796 000 mense gesien: #BudgetVote Chabangu: The Afrikaners built the* Voortrekker Monument *after they trekked across the country and dispossessed our people of their land.*

(skoonmaak- en tuindienste, sekuriteit, en instandhouding) is afgehandel, maar die 2019/2020 personeelbegroting laat nie daarvoor toe nie en sal dit moet oorstaan.

Die personeelsituasie te Bloedrivier het ook ‘n absolute laagtepunt bereik toe dit blyk dat die bestuursegpaar se finansiële wanbestuur een van die redes is waarom hierdie terrein steeds ‘n finansiële las vir die VTM is. Die daaropvolgende dissiplinêre proses en aflegging, die saak wat by die SAPD aanhangig gemaak is en die soeke na plaasvervangers tussen September 2018 en April 2019 was eweneens veeleisend.

Die grootste teleurstelling mbt personeelaangeleenthede was sekerlik die optrede van ons Opvoedkundige bestuurder. Deur die kwaadwillige verspreiding van vals en oningeligte gerugte op whattsapp mbt aktiwiteite en projekte op die terrein, is die reputasie van die VTM ernstig benadeel. Nadat regshulp ingewin is, is ‘n dissiplinêre proses van stapel gestuur. Die ondersoek het op skuldigbevinding uitgeloop en om die werknemer tegemoet te kom, is hy nie geskors nie, maar versoek om te bedank. Hierdie optrede het ingrypende nadelige gevolge vir van die ES en VTM-personeel ingehou aangesien hulle die verantwoordelikhede en pligte ten opsigte van o.a. die opleiding van ons gidse, die ontwikkeling van die aanlynkursus vir buite gidse en programontwikkeling vir die nuwe Funda Ontekkingsentrum, moes oorneem ten koste van die bereiking van eie doelwitte. As gevolg van die belangrikheid van die pos, is dit reeds geadverteer en sal dit vanaf Oktober gevul word

Die VTM en VTM-Projekte se onlangse aansluiting by die Landbou werkgewersorganisasie (LWO) het wel die hantering van die industriële aksie en ander personeelsake vergemaklik en die las op senior bestuur verlig.

Finansies en Operasioneel

Die finansiële posisie van die maatskappye en goedkeuring van die state word later hanteer. Dit is wel belangrik om kennis te neem dat die VTM se debietorderstelsel momentum begin kry het en dat daar elke week nuwe aansluitings is. Tans beloop die inkomste hieruit ongeveer R 10 000,00 per maand.

Beide die Voortrekkermonument en Erfenisstigting het aansoeke om OWO status ingedien en ons hoop om teen einde Augustus terugvoer te ontvang. Indien die aansoek suksesvol is, sal ‘n gefokusde bemarkingspoging van stapel gestuur word om skenkings uit die sakegemeenskap te werf. Dit sal ons hopelik bemagtig om die skenkers-inkomstestroom ‘n hupstoot te gee.

Inkomstebronne van die VTM, die ES en VTM-projekte (sien pp 4 & 5)

Soos altyd is die te kort aan fondse die rede vir verskeie laagtepunte in al die onderskeie departemente, maar veral mbt Operasionele en logistieke dienste se werksaamhede. Danksy die vernuftige aanwending van ons beperkte fondse asook fondse wat deur die Dagbreek Trust en die Rupert Historiese huise stigting toegeken is, is die volgende medium tot groot projekte afgehandel:

- Die Funda Ontdekkingssentrum is na ‘n proses van bykans 10 jaar, mbv Lotery fondse en die Trust vir Afrikaanse Onderwys op die piekniekterrein, opgerig en ingewy;
- Die basiese instandhoudingswerk aan die wa-laermuur om die Monument is, danksy Rupertfondse, voltooi.

- Bedryfsbydraes deur die Dagbreektrust het ons in staat gestel om ‘n nuwe permanente dak oor die Amfi-verhoog waar die antiekmarkte plaasvind, op te rig en nuwe ligte te installeer.
- Die damesbadkamers by die Assegaaihek is totaal opgegradeer en maak ook nou voorsiening vir ons Asiatiese besoekers.
- ‘n Nuwe Zulu hut is opgerig.
- Die nuwe fotoraam is geïnstalleer.
- Bloedrivier se nuwe afdak is opgerig, die hoofhuis is geverf en die motorhuis is omskep in ‘n tweeslaapkamer woonstel.
- Die kontrak met Interactive sekuriteit het verval en ‘n nuwe maatskappy genaamd IMPI is aangestel. Met hulle kontrolekamer op ons terrein asook die aanwend van nuwe tegnologie, hoop ons om die sekuriteit en veiligheid van ons besoekers en personeel te verseker.

Uitdagings sluit o.a. in:

- Voortdurende bars van verouderde waterpype;
- De Kroon Kamer se grasdak het aansienlike skade gekry, wat ons laat besef het dat die res van ons lapa’s se dakke se instandhoudingswerk nie op standaard is nie.
- Die een boorgat aan die suidelike kant van die Monument het ingeval. Daar is tans slegs een werkende boorgat op die terrein.

In 2011, met die aanvang van die skeiding van die VTM en die ES het die destydse twee HUB’s ‘n samewerkingsooreenkoms opgestel waarin die afsonderlike werksaamhede van die onderskeie maatskappye uitgespel is. Funksies wat vir en namens mekaar onderneem is, is ook daarin verduidelik. Dit het die afgelope jaar duidelik geword dat hierdie ooreenkoms hersien moet word aangesien nadere samewerking noodsaaklik geword het. Dit is veral die VTM wat toenemend op die ES se erfenishulpbronbestuursvaardighede moet staatmaak namate instandhouding aan die Monument en ander erfenisstrukture dringend word – toesig oor die instandhouding en restourasie van die walaermuur asook die navorsing wat die ES vir die uitstallings in die Fundasentrum gedoen het is goeie voorbeelde hiervan. Die veranderinge is aangebring en sal by die vge Direksievergadering vir goedkeuring voorgelê word.

Bemarking (Sien aangehegte verslag – sal ook mondelings toegelig word deur die Senior Bemarkingsbestuurder, me Lizette Jansen)

Erfenisstigting (Sien aangehegte verslag – sal ook mondelings toegelig word deur die Hoof: Erfenishulpbronbestuur, mnr Johan Nel)

TEN SLOTTE

Daar is die afgelope jaar, maar veral die afgelope ses maande meer gefokus op skakeling met organisasies ten einde sinvolle netwerke te vestig mbt bemarking van opvoedkundige dienste asook befondsing van groot en nuwe projekte soos die aanspreek van die waterprobleem in die Monument en die moontlike oorskakeling na sonkrag op die terrein. Skakeling met die SAOU, die Christelike Instituut vir Opvoeding, Solidariteit en die Sakeliga het plaasgevind. Personeel van die VTM en die ES het ook reeds met Dagbreek trust en Naspers hieroor geskakel en daar is versoek dat besigheidsplanne einde Augustus voorgelê word. Die Erfenisstigting se Erfenisbewarings-bewusmakingsprojek wat die moontlike 3-dimensionele skandering van monumente insluit ten einde hulle beter te bewaar asook hulle

opvoeding en opleidingspotensiaal te ontgin, is ook voorgelê en het eweneens belangstelling uitgelok. ‘n Besigheidsplan word ook in die verband voorberei.

Deur plaaslike netwerke en ondersteuning te vestig, word die hoop uitgespreek dat ons maatskappye meer op hulle kernbesigheid van bewaring, toerisme en opvoeding sal kan fokus.

Die bestuur en personeel wil hiermee graag ons dank uitspreek teenoor Direkteure en lede en vriende wat uit hul pad gaan om ons in ons werksaamhede te ondersteun.

2019 VOORTREKKERMONUMENT INKOMSTEBRONNE



2019 ERFENISSTIGTING INKOMSTEBRONNE





Cecilia Kruger

Besturende Direkteur

13 Julie 2019